

BETAAL UITSTAANDE SKULD TEEN 29 MAART OM BOETES EN RENTE TE VERMY

PRETORIA, Donderdag 7 Maart 2019 - Belastingpligtiges het 22 dae oor om uitstaande skuld te betaal teen Vrydag, 29 Maart, en sodoende boetes en rente te vermy. Uitstaande opgawes moet dadelik ingedien word.

Belastingpligtiges word aangeraai en aangemoedig om die regte ding te doen, op die regte manier en betyds, deur seker te maak dat al hulle belastingskuld vereffen is voor die sperdatum, wat Vrydag 29 Maart is en alle uitstaande opgawes nou in te dien.

Belastingpligtiges word gewaarsku dat verkeer op netwerke sal toeneem en word aangeraai om betalings teen 12:00 op 29 Maart te maak om moontlike netwerkvertragings te vermy, veral vir die volgende:

- BTW-opgawes en betalings
- Aksynsregte-betalings
- MIB voorlopige belastingbetalings
- Jou bestaande betalingsreëlings soos getref met SARS-skuldbestuur

Indien jy twyfel oor hoeveel jy skuld, hoe om 'n betaling te maak, wat om te doen as jy nie die volle bedrag dadelik kan betaal nie of as jy betalingsreëlings wil tref of indien jy nie saamstem met die bedrag verskuldig nie, kontak SARS asseblief dadelik by 0800 00 7277.

Onthou, dit is 'n kriminele oortreding om nie 'n belastingopgawe in te dien wanneer dit verskuldig is nie, en regsstappe kan geneem word indien jy nie die belasting aan SARS verskuldig betaal nie.

Daar is verskeie skuldinvorderingsmetodes aan SARS beskikbaar om die betaling van belastingskuld af te dwing, soos:

- Om die skuld in te vorder van 'n entiteit wat geld namens jou hou by wyse van [derde party aanstellings](#) d.i. werkgewer, bank of kliënt.
- Die uitreik van 'n lasbrief en die plaas van jou naam op die swartlys
- Die beslaglegging en verkoop van jou bates
- Die verkry van 'n bewaringsbevel ten opsigte van jou bates
- Indien jy oorsese bates het, kan 'n bevel verkry word wat die repatriasie van sodanige bates na Suid-Afrika afdwing en intussen kan jou reg op handeldryf en reis opgeskort word.
- Die likwidering of sekwestrasie van jou boedel.

Indien jy probleme ondervind, moedig ons jou aan om ons te kontak om die neem van enige van die bostaande aksies teen jou te vermy.

Belangrike kontakbesonderhede:

- SARS-kontaksentrum: 0800 00 7277
- Verdagte belastingaktiwiteite- en bedroghulplyn: 0800 00 2870
- Aanlyn *suspicious report* vorm beskikbaar by: www.sarsefiling.co.za.